NG GEMEENTE THEUNISSEN
VAKATURE - LERAAR VASTETERMYN (3 JR KONTRAK)

Die leraarspos van die NG Gemeente Theunissen het na 24 jaar, vakant geraak. Die gemeente wil graag die dienste van 'n daartoe geroepe leraar bekom wat die uitdagings en geleenthede van 'n plattelandse gemeente sal verstaan en aangryp.

Gemeenteprofiel: Die gemeente het in 2010 sy eeufees gevier en is 'n goed gevestigde plattelandse gemeente, geleë op die R30-roete, 100km noord van Bloemfontein. Die gemeente het 284 belydende- en 58 dooplidmate en bestaan uit 14 wyke, waarvan vyf plaaswyke is. Die huis vir bejaardes, Huis Moria, vorm deel van die gemeente en huisves 40 inwoners.

Leraarsprofiel: Die volgende is vir die kerkraad van belang in geskikte aansoeke:

- Aansoeker moet 'n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wees.
- 'n Sterk Gereformeerde teologiese uitkyk met besondere klem op die suiwerheid van die leer, soos verwoord in die belydenisskrifte.
- Leraarsverpligtinge moet volgens Art 9 van die Kerkorde nagekom word.
- Entoesiasme vir die opbou van die gemeente deur persoonlike kontak met lidmate, pastoraat en huisbesoek.
- Die kandidaat moet geroepe voel vir die bediening in Theunissen.
- Opregte liefde vir Jesus Christus, Sy gemeente en Sy koninkryk moet uitgestraal word.
- Belange en werksaamhede van die gemeente moet onderhou en uitgebou word.

Vergoeding: Is onderhandelbaar met sinodaleskaal as riglyn, ruim pastorie is ingesluit.

Aansoeke: Ontvangs van 'n volledige CV (maksimum drie bladsye), sal dien as aansoek, kontakbesonderhede van drie referente, sowel as onlangse getuigskrifte moet hierby aangeheg word. Stuur per e-pos aan nkriek@vodamail.co.za

Sluitingsdatum: Saterdag 17 Februarie 2018

Navrae:
Andries Kriek - Voorsitter (Pre-Advies): sel 082 829 4277, e-pos nkriek@vodamail.co.za
Thomas Uys - Ondervoorsitter (Pre-Advies): sel 076 255 2296

Die Kerkraad behou die reg voor om nie die vakature uit een van die aansoeke te vul nie.